▲ DIVIDEND OP 53%

▲ VERDIENSTE PER AANDEEL OP 23%

▲ INKOMSTE OP 8%

Invicta HOLDINGS LIMITED

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer
(Registrasienommer 1966/002182/06)
(Aandeelkode: IVT)
ISIN: ZAE0000297733
("Invicta" of "die groep")

bearing man Ltd INCORPORATING Fenner POWER TRANSMISSION

NORTHMEC Established 1969

CSE

AUTOBAX

ENGINEPARTS

TURBO CHARGERS

GEOUDITEERDE GROEPSRESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2004

INKOMSTESTAAT

	2004 R'000	2003 R'000	% ver-andering
Inkomste	**2 069 163**	1 907 317	8
Bedryfswins	**229 451**	230 123	
Rente ontvang	**6 093**	9 279	
Finansieringskoste	**(26 607)**	(34 439)	
Wins voor belasting	**208 937**	204 963	
Belasting	**(70 787)**	(64 831)	
Wins na belasting	**138 150**	140 132	
Buite-aandeelhouersbelang	**(38 519)**	(43 630)	
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**99 631**	96 502	3
Bepaling van wesensverdienste			
Toeskryfbare verdienste	**99 631**	96 502	
Aanpassings – na belasting en minderheidsbelange, waar van toepassing			
– Amortisasie van klandisiewaarde	**1 733**	2 433	
– Wins met verkoop van belegging	**(1 583)**	–	
– Wins met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	**(839)**	(322)	
Wesensverdienste	**98 942**	98 613	
Uitgereikte aandele			
Geweegde gemiddelde (000'e)	**60 571**	72 565	
Aan die einde van die jaar (000'e)	**57 463**	72 842	
Geweegde gemiddelde insluitende verwaterde aandele (000'e)	**62 619**	75 178	
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**163**	136	20
Verdienste per aandeel (sent)	**164**	133	23
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**159**	133	20
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**160**	130	23
Dividend per aandeel* (sent)	**66**	45	33
Tussentyds	**20**	15	
Finale	**46**	30	

** In ooreenstemming met RE107 is die finale dividend van 46 sent per aandeel, wat deur die direkteure voorgestel word, nie in die finansiële jaarstate weerspieël nie.*

BALANSSTAAT

	2004 R'000	2003 R'000
BATES		
Nie-bedryfsbates	**142 719**	145 916
Eiendom, masjinerie en toerusting	**102 922**	101 505
Ontasbare bates	**11 454**	12 070
Uitgestelde belasting	**22 655**	21 089
Langtermyn ontvangbare rekeninge	**5 688**	11 252
Bedryfsbates	**825 127**	834 064
Voorraad	**501 476**	503 480
Rekeninge ontvangbaar	**247 718**	260 342
Kontant en kontantekwivalente	**75 933**	70 242
	967 846	979 980
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes	**483 257**	487 932
Gewone aandeelhouersbelang	**312 339**	343 665
Buite-aandeelhouersbelang	**170 918**	144 267
Nie-bedryfslaste	**11 642**	10 398
Langtermynlenings	**11 642**	10 398
Bedryfslaste	**472 947**	481 650
Banklenings	**41 745**	47 641
Korttermynlenings	**3 027**	2 177
Ander betaalbare rekeninge	**428 175**	431 832
	967 846	979 980

KONTANTVLOEISTAAT

	2004 R'000	2003 R'000
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant uit bedrywighede voortgebring	**285 247**	183 264
Finansieringskoste	**(26 607)**	(34 439)
Dividende betaal	**(48 904)**	(33 272)
Belasting betaal	**(96 961)**	(46 589)
Rente ontvang	**6 093**	9 279
Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite	**118 868**	78 243
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Netto kontantuitwerking van bateverkrygings	**(21 310)**	(45 727)
Netto kontantuitwerking van beleggingsaktiwiteite	**5 453**	(2 844)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Netto kontantuitwerking van aandele-kapitaal teruggekoop	**(103 054)**	(7)
Netto kontantuitwerking van aandele uitgereik	**5 286**	855
Netto kontantuitwerking van lenings aangegaan	**6 344**	2 972
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	**11 587**	33 492
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**22 601**	(10 891)
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**34 188**	22 601

STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	2004 R'000	2003 R'000
Aandelekapitaal		
Saldo aan die begin van die jaar	**3 642**	3 619
Netto aandele (teruggekoop)/uitgereik	**(769)**	23
Saldo aan die einde van die jaar	**2 873**	3 642
Aandelepremie		
Saldo aan die begin van die jaar	**125 036**	124 211
Netto aandele (teruggekoop)/uitgereik	**(96 999)**	825
Saldo aan die einde van die jaar	**28 037**	125 036
Opgehoopte wins		
Saldo aan die begin van die jaar	**214 987**	140 953
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**99 631**	96 502
Dividende betaal	**(33 189)**	(22 468)
Saldo aan die einde van die jaar	**281 429**	214 987

Rekeningkundige beleid

Die hoof rekeningkundige beleid, soos in die 2003-jaarverslag uiteengesit, is konsekwent toegepas. Die finansiële jaarstate is in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk voorberei. Hierdie resultate is ooreenkomstig RE127.

Ander inligting	2004	2003
Waardevermindering en amortisasie (R'000)	**23 273**	21 497
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**543,5**	471,8
Netto tasbarebatewaarde per aandeel (sent)	**523,6**	455,2

GROEPSAKTIWITEITE

Die Invicta-groep is 'n belangrike streeksinvoerder en -verspreider van:

- Laers, bande, seëls, kragtransmissieprodukte en ratmotors (Bearing Man)
- Landboumasjinerie en -toerusting (Northmec)
- Konstruksie- en grondverskuiwingstoerusting, grasversorgingstoerusting en gholfnutsmotors (CSE)
- Motorenjinonderdele (Engineparts, Turbochargers en Autobax)

FINANSIËLE OORSIG

Die Invicta-groep het weer sterk resultate gelewer en verdienste per aandeel het met 23% toegeneem. Alle bedrywighede het beter presteer as wat verwag is, veral Northmec en CSE. Hierdie sterk prestasie het Northmec en CSE in staat gestel om hulle onderskeie markaandele te vergroot. Kontantvloei van R118 miljoen wat deur bedrywighede voortgebring is, het met 52% verbeter, wat dit vir die groep moontlik maak om 'n finale dividend van 46 sent per aandeel ('n styging van 53%) te verklaar.

VOORUITSIGTE

Die vooruitsigte vir die groep bly positief ten spyte van 'n toenemend mededingende omgewing in die industrieë waarin die groep werksaam is. Oor die algemeen word 'n stabiele jaar vir die tydperk eindigende 31 Maart 2005 voorspel.

Vir en namens die direksie

M Rose-Innes
Voorsitter

A Goldstone
Besturende direkteur

Kaapstad
18 Mei 2004

DIVIDEND

Kennis geskied hiermee dat 'n finale dividend van 46 sent per aandeel aan aandeelhouers verklaar is. Die laaste dag om ("met" die dividend) handel te dryf om in die dividend te deel, sal Vrydag, 4 Junie 2004, wees.

Die aandele van Invicta Holdings Limited sal vanaf die aanvang van sake Maandag, 7 Junie 2004, "ex" die dividend begin verhandel. Die registrasiedatum is Vrydag, 11 Junie 2004. Die dividend sal Maandag, 14 Junie 2004, aan lede betaal word.

Aandelesertifikate mag van Maandag, 7 Junie 2004, tot en met Vrydag, 11 Junie 2004 (albei dae ingesluit) nie gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

In ooreenstemming met RE107 is die finale dividend van 46 sent per aandeel, wat deur die direkteure voorgestel word, nie in die finansiële state weerspieël nie, soos in die aandeelinligting getoon.

Op las van die direksie

C Barnard
Sekretaris

Johannesburg
18 Mei 2004

OUDITVERSLAG

Die ouditeure, Deloitte & Touche, het hulle mening oor die groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2004 uitgespreek. 'n Afskrif van hulle ongekwalifiseerde verslag en hierdie resultate is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Segmentinligting oor hierdie besighede word hieronder aangebied:

	Ingenieurs-verbruiksgoedere R'000		Motor-onderdele R'000		Kapitaal-toerusting R'000		Nie-segment-toewysings R'000		Gekonsolideerd R'000	
	2004	2003	**2004**	2003	**2004**	2003	**2004**	2003	**2004**	2003
Inkomste	**1 009 305**	1 001 787	**295 890**	280 644	**763 968**	624 886	**–**	–	**2 069 163**	1 907 317
Bedryfsinkomste voor finansieringskoste en rente ontvang	**148 356**	168 112	**24 920**	29 899	**63 040**	34 276	**(6 865)**	(2 164)	**229 451**	230 123
Balansstaat										
Bates	**529 587**	550 863	**131 625**	136 862	**396 524**	302 791	**(89 890)**	(10 536)	**967 846**	979 980
Laste	**196 626**	241 905	**128 018**	135 535	**218 644**	197 550	**(58 699)**	(82 942)	**484 589**	492 048

Geografiese segmente:
Die groep het nie volgens geografiese ligging verslag gedoen van segmentinligting nie, omdat die bedrywighede wesenlik in Suider-Afrika plaasvind.

GEREGISTREERDE KANTOOR: Invicta Holdings Limited, Eenheid 1A, Grondverdieping, Seardelgebou, Alphenpark, Constantia-hoofweg , Constantia 7806 • Posbus 89, Constantia 7848
OORDRAGSEKRETARIS: Computershare Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001 • Posbus 61051, Marshalltown 2107
DIREKTEURE: M Rose-Innes, A Goldstone, DI Samuels*, Dr CH Wiese*
BORG: Nedbank Capital
** Nie-uitvoerend*

19401 | Citigate